MENIKO

THE PROVINCE OF PWV
DIE PROVINSIE PWV

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: R1,50 ◇ Other countries: R1,95
Verkoopprys: R1,50 ◇ Buitelands: R1,95

Vol. 237 PRETORIA, 21 OCTOBER / OKTOBER 1994 No. 5044

## PROCLAMATION · PROKLAMASIE

## PROCLAMATION

**No. 20 (Premier's) 1994**

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993
(ACT No. 209 OF 1993)

**TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL OF RANDFONTEIN**

Under section 10 of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), I hereby, with the concurrence of the Provincial Committee, make the enactments in the Schedule.

Given under my Hand at Johannesburg this Twentieth day of October, One thousand Nine hundred and Ninety-four.

**T. M. G. SEXWALE,**
Premier-in-Executive Council.

### SCHEDULE

**Establishment of transitional local council**

**1.** A transitional local council, hereunder called the Transitional Local Council of Randfontein, is hereby established as contemplated in section 7 (1) (b) (i) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), with effect from the date upon which this

## PROKLAMASIE

**No. 20 (Premiers-), 1994**

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993
(WET No. 209 VAN 1993)

**PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN RANDFONTEIN**

Kragtens artikel 10 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vaardig ek hierby, met die instemming van die Provinsiale Komitee, die maatreëls in die Bylae uit.

Gegee onder my Hand te Johannesburg, op hede die Twintigste dag van Oktober, Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

**T. M. G. SEXWALE,**
Premier-in-Uitvoerende Raad.

### BYLAE

**Instelling van plaaslike oorgangsraad**

**1.** 'n Plaaslike oorgangsraad, hieronder die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein genoem, word hierby, soos beoog in artikel 7 (1) (b) (i) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vanaf die datum van inwerkingtreding

Proclamation shall come into operation (hereunder called the effective date), comprising the Town Councils of Randfontein and Mohlakeng, the Management Committee of Toekomsrus and the Local Area Committees of Hillside and Dwarskloof/Brandvlei, which Transitional Local Council of Randfontein shall be deemed to be a local authority in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939).

**Dissolution of local government bodies**

2. The Town Council of Randfontein and Mohlakeng, the Management Committee of Toekomsrus and the Local Area Committees of Hillside and Dwarskloof/Brandvlei are hereby dissolved on the effective date.

**Absolvement of functions, powers and duties of Local Government Affairs Council**

3. (1) The Local Government Affairs Council shall, notwithstanding any provisions contained in the Local Government Affairs Council Act (House of Assembly), 1989 (Act No. 84 of 1989), and the Transvaal Board for the Development of Peri Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance No. 20 of 1943), after the effective date be absolved from exercising any of its functions, powers and duties in respect of the areas of the Local Area Committees of Hillside and Dwarskloof/Brandvlei described in section 4.

(2) In the event of the apportionment of any assets, rights and liabilities, including the taking over of any employees and officers, in respect of the areas referred to in subsection (1) the provisions of section 159*bis* of the Local Government Ordinance, 1939, *mutatis mutandis* shall apply.

(3) The provisions of section 18 shall *mutatis mutandis* apply to the taking over of any employees and officers referred to in subsection (2).

(4) The Transitional Local Council of Randfontein, shall for all purposes be deemed to be the successor-in-law of the Local Government Affairs Council relating to any power, duty, asset, obligation, right and liability within the areas referred to in subsection (1).

(5) Notwithstanding the provisions of section 159*bis* (2) of the Local Government Ordinance, 1939, all resolutions, by-laws, delegations and prescribed notices of the Local Government Affairs Council pertaining to the areas described in subsection (1), shall after the effective date, be deemed to be resolutions, by-laws, delegations and prescribed notices of the Transitional Local Council of Randfontein, until amended or repealed by the said Transitional Council.

van hierdie Proklamasie (hieronder die effektiewe datum genoem), ingestel, bestaande uit die Stadsraad van Randfontein, die Dorpsraad van Mohlakeng, die Bestuurskomitee van Toekomsrus en die Plaaslike Gebiedskomitee van Hillside en Dwarskloof/Brandvlei, welke Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein geag word 'n plaaslike bestuur ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), te wees.

**Ontbinding van plaaslike owerheidsliggame**

2. Die Stadsraad van Randfontein, die Dorpsraad van Mohlakeng, die Bestuurskomitee van Toekomsrus en die Plaaslike Gebiedskomitees van Hillside en Dwarskloof/Brandvlei word hierby op die effektiewe datum ontbind.

**Ontheffing van funksies, bevoegdhede en pligte van Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede**

3. (1) Die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede word, ondanks enige bepaling vervat in die Wet op die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede (Volksraad), 1989 (Wet No. 84 van 1989), en die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No. 20 van 1943), na die effektiewe datum onthef van die uitvoering van enige van sy funksies, bevoegdhede en pligte ten opsigte van die gebiede van die Plaaslike Gebiedskomitees van Hillside en Dwarskloof/Brandvlei in artikel 4 omskryf.

(2) In die geval van die verdeling van enige bates, laste, regte en verpligtinge, insluitend die oorname van enige werknemers en beamptes, betreffende die gebiede vermeld in subartikel (1), geld die bepalings van artikel 159*bis* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 *mutatis mutandis*.

(3) Die bepalings van artikel 18 geld *mutatis mutandis* vir die oorname van enige werknemers en beamptes ten opsigte van die gebiede vermeld in subartikel (2).

(4) Die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein word vir alle doeleindes geag die regsopvolger van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede te wees betreffende enige bevoegdheid, plig, bate, verpligting, reg en las binne die gebiede vermeld in subartikel (1).

(5) Nieteenstaande die bepalings van artikel 159*bis* (2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word alle besluite, verordeninge, delegasies en voorgeskrewe kennisgewings van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede betreffende die gebiede vermeld in subartikel (1), na die effektiewe datum, geag besluite, verordeninge, delegasies en voorgeskrewe kennisgewings van die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein te wees, totdat dit deur die genoemde Oorgangsraad gewysig of herroep word.

**Area of the Transitional Local Council of Randfontein**

**4.** The area of the Transitional Local Council of Randfontein comprises the existing area of jurisdiction of the dissolved Town Council of Randfontein, as defined in Government Notice No. 87 of 19 September 1928, including the area of the dissolved Management Committee of Toekomsrus as defined in Government Notice No. 323 of 18 March 1981, the area of the dissolved Town Council of Mohlakeng, as defined in Administrator's Notice No. 2114 of 21 September 1984, and the areas of the dissolved Local Area Committees of Hillside as defined in Administrator's Proclamation No. 121 of 25 May 1960 as amended or extended and Dwarskloof/Brandvlei, as defined in Official Notice No. 24 of 5 June 1991 as amended or extended, respectively.

**Councillors**

**5.** (1) The Transitional Local Council of Randfontein comprises 34 Councilors.

(2) The terms of office of the Councillors of the dissolved local government bodies mentioned in section 2, shall be terminated on the effective date.

(3) The persons mentioned in Annexure A, and duly appointed under paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, are hereby appointed as Councillors of the Transitional Local Council of Randfontein.

(4) Any casual vacancy arising on the Transitional Local Council of Randfontein after the effective date shall be reported to the responsible Member of the Executive Council within 30 days, which vacancy shall, notwithstanding the provisions of sections 20 and 36 of the Municipal Elections Ordinance, 1970 (Ordinance No. 16 of 1970), be filled by the compotent authority from the list of additional candidates in order of preference as contemplated in paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, as contained in Annexure B.

**Mayor and Deputy Mayor**

**6.** The Transitional Local Council of Randfontein shall, within seven days after the effective date, at a special meeting of the Council, under sections 16 and 17 respectively of the Local Government Ordinance, 1939, elect a Mayor and a Deputy Mayor from the Councillors mentioned in section 5 (3): Provided that the Deputy Mayor shall not be a member of the same component as that of which the Mayor is a member.

**Allowances of Councillors, Mayor and Deputy-Mayor**

**7.** (1) All the Councillors shall, after the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Councillors of the dissolved Town Council of Randfontein.

(2) The Mayor and the Deputy-Mayor shall, after the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Mayor and Deputy-Mayor of the dissolved Town Council of Randfontein.

**Gebied van Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein**

**4.** Die gebied van die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein bestaan uit die bestaande regsgebied van die ontbinde Stadsraad van Randfontein, soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 87 van 19 September 1928, wat die gebied van die ontbinde Bestuurskomitee van Toekomsrus soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 323 van 18 Maart 1981 insluit, die gebied van die ontbinde Dorpsraad van Mohlakeng, soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 2114 van 21 September 1984, en die gebiede van ontbinde Plaaslike Gebiedskomitees van onderskeidelik Hillside soos omskryf by Administrateursproklamasie No. 121 van 25 Mei 1960 soos gewysig of uitgebrei en Dwarskloof/Brandvlei, soos omskryf by Offisiële Kennisgewing No. 24 van 5 Junie 1991 soos gewysig of uitgebrei.

**Raadslede**

**5.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein bestaan uit 34 Raadslede.

(2) Die ampstermyne van die Raadslede van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld, word op die effektiewe datum beëindig.

(3) Die persone in Aanhangsel A vermeld, wat behoorlik kragtens paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, benoem is, word hierby as Raadslede van die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein aangestel.

(4) Enige toevallige vakature wat na die effektiewe datum op die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein ontstaan moet binne 30 dae aan die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad gerapporteer word, welke vakature, ondanks die bepalings van artikels 20 en 36 van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970 (Ordonnansie No. 16 van 1970), deur die bevoegde gesag gevul word uit die lys van bykomende kandidate in orde van voorkeur soos beoog in paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, in Aanhangsel B vervat.

**Burgemeester en Onderburgemeester**

**6.** Die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein verkies, binne sewe dae na die effektiewe datum op 'n spesiale vergadering van die plaaslike Oorgangsraad van Randfontein, 'n Burgemeester en 'n Onderburgemeester uit die Raadslede in artikel 5 (3) vermeld kragtens artikels 16 en 17 respektiewelik van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939: Met dien verstande dat die Onderburgemeester nie lid mag wees van dieselfde komponent as dié waarvan die Burgemeester lid is nie.

**Toelaes van Raadslede, Burgemeester en Onderburgemeester**

**7.** (1) Al die Raadslede ontvang na die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan Raadslede van die ontbinde Stadsraad van Randfontein betaal is.

(2) Die Burgemeester en die Onderburgemeester ontvang na die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan die Burgemeester en Onderburgemeester van die ontbinde Stadsraad van Randfontein betaal is.

**Executive Committee**

**8.** (1) The Council shall, notwithstanding the provisions of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960), in terms of the provisions of section 16 (6) of the Local Government Transition Act, 1993, elect from its members an Executive Committee.

(2) The provisions of sections 1 and 55 to 61 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, shall, for the purposes of this Proclamation, be applicable *mutatis mutandis* to the Executive Committee contemplated in subsection (1).

**Transfer of assets, liabilities, rights and obligations and successor-in-law**

**9.** (1) All assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved local government bodies referred to in section 2 shall, after the effective date, be transferred to the Transitional Local Council of Randfontein: Provided that no liability, debt or obligation incurred by the said dissolved local government bodies up to and including the day before the effective date in respect of service charges owed by the residents of any of the local government bodies to such bodies shall devolve upon, be assigned to or become the liability, or obligation of the Transitional Local Council of Randfontein: Provided further that the provisions of this subsection shall not apply to any debt, liability or obligation in respect of infrastructure which can still be used to generate revenue or which on the aforesaid date was usable.

(2) Subject to the provisions of subsection (1), after the effective date, the Transitional Local Council of Randfontein shall for all purposes be the successor-in-law of the former local government bodies of Randfontein, Mohlakeng, Toekomsrus, Hillside and Dwarskloof/Brandvlei, and—

(a) the ownership of all movable and immovable property and other assets of the said local government bodies shall vest in the Transitional Local Council of Randfontein;

(b) all rates, revenue and other monies payable to or recoverable by any of the said government bodies shall be payable to and recoverable by the Transitional Local Council of Randfontein.

(c) all other rights and privileges, including rights of nomination and representation, and, subject to the provisions of subsection (1), all liabilities and obligations of any of the said local government bodies shall vest in and devolve upon the Transitional Local Council of Randfontein which may continue to prosecute or defend all legal proceedings instituted by or against any of the said local government bodies and which may do all things necessary or expedient in connection with such proceedings.

**Uitvoerende Komitee**

**8.** (1) Die Raad verkies, ondanks die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960), ingevolge artikel 16 (6) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, uit sy lede 'n Uitvoerende Komitee.

(2) Die bepalings van artikels 1 en 55 tot 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, is, by die toepassing van hierdie Proklamasie, *mutatis mutandis* op die Uitvoerende Komitee in subartikel (1) bedoel van toepassing.

**Oordra van bates, laste, regte en verpligtinge en regsopvolger**

**9.** (1) Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 word na die effektiewe datum aan die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein oorgedra: Met dien verstande dat geen las, skuld of verpligting deur die gemelde plaaslike owerheidsliggame tot en met en insluitend die dag wat die effektiewe datum voorafgaan opgeloop betreffende dienstegelde verskuldig deur die inwoners van enige van die plaaslike owerheidsliggame aan sodanige liggame verskuldig op die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein oorgaan, aan dit toegewys word of sy las of verpligting word nie: Met dien verstande verder dat die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is op enige skuld, las of verpligting met betrekking tot infrastruktuur wat steeds gebruik kan word om inkomste te genereer of wat op voornoemde datum bruikbaar was nie.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1) sal die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein, na die effektiewe datum, vir alle doeleindes die regsopvolger word van die voormalige plaaslike owerheidsliggame van Randfontein, Mohlakeng, Toekomsrus, Hillside en Dwarskloof/Brandvlei, en—

(a) vestig eienaarskap van alle roerende en vaste eiendom en ander bates van die gemelde plaaslike owerheidsliggame in die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein;

(b) word alle belasting, inkomste en ander gelde betaalbaar aan of verhaalbaar deur die gemelde plaaslike owerheidsliggame betaalbaar aan en verhaalbaar deur die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein;

(c) word alle ander regte en voorregte, met inbegrip van regte van nominasie en verteenwoordiging, en, onderworpe aan die bepalings van subartikel (1), alle laste en verpligtinge van enige van die gemelde plaaslike owerheidsliggame gevestig en gaan dit oor op die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein wat mag voortgaan om alle regsgedinge ingestel deur of teen enige van die gemelde plaaslike owerheidsliggame voort te sit of te verdedig en mag dit alle nodige of dienstige handelinge met betrekking tot sodanige gedinge verrig.

**Resolutions, by-laws, regulations, prescribed notices and delegations**

**10.** All resolutions, by-laws, regulations, prescribed notices and delegations of the dissolved local government bodies referred to in section 2 shall remain in force within the areas of jurisdiction of the said local government bodies as though this Proclamation was never promulgated, until the said resolutions, by-laws, regulations, prescribed notices and delegations are amended or repealed by the Transitional Local Council of Randfontein: Provided that the Rules of Order, Financial Standing Orders and delegations of authority to Committees and to employees and officers as applicable immediately prior to the effective date in the Town Council of Randfontein shall apply throughout the jurisdiction of the Transitional Local Council of Randfontein to the exclusion of any equivalent or conflicting provisions of any of the said local government bodies.

**Decision-making process**

**11.** The Transitional Local Council of Randfontein shall take decisions by an ordinary or special resolution as defined and required in terms of the Local Government Ordinance, 1939, or Rules of Order: Provided that—

(a) any resolutions pertaining to the budget, including without in any way limiting the generality thereof, the fixing of property rates, levies, tariffs and service charges, shall be taken by a two-thirds majority of all the members of the Council;

(b) any resolution pertaining to town-planning shall be taken by a majority of all the members of the Council, and the Council may delegate its power to the Executive Committee.

**Budget**

**12.** The 1994/95-budget of the local government bodies referred to in section 2 shall, notwithstanding the provisions of section 58 of the Local Government Ordinance, 1939, be deemed to be the 1994/95-budget of the Transitional Local Council of Randfontein until a single consolidated budget is approved.

**Representation on Regional Services Council**

**13.** Representation of the dissolved local government bodies referred to in section 2 before the effective date in terms of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act No. 109 of 1985), on the West Rand Regional Services Council, shall be terminated on the effective date.

**Besluite, verordeninge, regulasies, voorgeskrewe kennisgewings en delegasies**

**10.** Alle besluite, verordeninge, regulasies, voorgeskrewe kennisgewings en delegasies van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 bly van krag in die regsgebiede van die gemelde Plaaslike Oorgangsraad asof hierdie Proklamasie nooit uitgevaardig is nie, totdat die gemelde besluite, verordeninge, regulasies, voorgeskrewe kennisgewings en delegasies deur die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein gewysig of herroep word: Met dien verstande dat die Reglement van Orde, Staande Finansiële Voorskrifte, delegasies van bevoegdhede aan Komitees en aan werknemers en beamptes soos van toepassing onmiddellik voor die effektiewe datum in die Stadsraad van Randfontein, van toepassing is, met uitsluiting van enige ekwivalente of botsende voorskrifte van enige van die gemelde plaaslike owerheidsliggame.

**Besluitnemingsproses**

**11.** Die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein neem besluite by gewone of spesiale besluit soos omskryf en vereis ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, of Reglement van Orde: Met dien verstande dat—

(a) enige besluit betreffende die begroting, met inbegrip van, maar sonder om enigsins afbreek te doen aan die algemeenheid daarvan, die vasstelling van eiendomsbelasting, heffings, tariewe en dienstegelde, word geneem deur 'n twee-derde meerderheid van al die lede van die Raad;

(b) enige besluit betreffende dorpsbeplanning word geneem deur 'n meerderheid van al die lede van die Raad, en die Raad kan sy bevoegdheid aan die Uitvoerende Komitee delegeer.

**Begroting**

**12.** Die 1994/95-begroting van die plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 word, nieteenstaande die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, geag die 1994/95-begroting van die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein te wees, totdat 'n enkele gesamentlike begroting goedgekeur word.

**Verteenwoordiging op Streeksdiensteraad**

**13.** Verteenwoordiging wat die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 kragtens die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985), voor die effektiewe datum op die Wes-Rand Streeksdiensteraad gehad het, word op die effektiewe datum beëindig.

**Authorized local authority**

**14.** (1) The Transitional Local Council of Randfontein is, notwithstanding the provisions of section 2 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), after the effective date, deemed to be an authorized local authority for the purposes of Chapters II, III and IV of the said Ordinance.

(2) The Transitional Local Council of Randfontein is, notwithstanding the provisions of section 3 of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance No. 20 of 1986), after the effective date, deemed to be an authorized local authority for the purposes of Chapter IV of the said Ordinance.

**Local authority contemplated in Sixth Schedule to Local Government Ordinance, 1939**

**15.** The Transitional Local Council of Randfontein is hereby, after the effective date, deemed to be a local authority as contemplated in Part II of the Sixth Schedule to the Local Government Ordinance, 1939.

**Single Local Administration for Transitional Local Council of Randfontein**

**16.** (1) A single Local Administration is hereby established for the Transitional Local Council of Randfontein.

(2) A permanent organisational structure for the Single Administration shall be constituted by the Transitional Local Council of Randfontein as soon as possible after the effective date.

**Town Clerk**

**17.** (1) The Town Clerk of the dissolved Town Council of Randfontein shall, for the purposes of this Proclamation, and subject to the provisions of the Remuneration of Town Clerks Act, 1984 (Act No. 115 of 1984), and the Profession of Town Clerks Act, 1988 (Act No. 75 of 1988), be deemed to be the Town Clerk of the Transitional Local Council of Randfontein, as contemplated in section 62 of the Local Government Ordinance, 1939.

(2) The Town Clerk shall, for the purposes of this Proclamation, perform all the functions, powers and duties assigned to a Town Clerk in terms of the Local Government Ordinance, 1939, the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, the Municipal Elections Ordinance, 1970, or any other law, or resolution of the dissolved local government bodies mentioned in section 2.

**Employees and officers of Transitional Local Council of Randfontein**

**18.** (1) After a permanent organisational structure as contemplated in section 16 (2) has been constituted, all employees and officers in the service of the dissolved local government bodies mentioned in section 2, shall be transferred to the Local Administration contemplated in section 16 (1) in accordance with the provisions of section 10 (3) (f) (i) and (j) of the Local Government Transition Act, 1993.

**Gemagtigde plaaslike bestuur**

**14.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein word, ondanks die bepalings van artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), na die effektiewe datum geag 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstukke II, III, en IV van genoemde Ordonnansie te wees.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein word, ondanks die bepalings van artikel 3 van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie No. 20 van 1986), na die effektiewe datum geag 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstuk IV van genoemde Ordonnansie te wees.

**Plaaslike bestuur in Sesde Bylae by Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bedoel**

**15.** Die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein word hierby, na die effektiewe datum, geag 'n plaaslike bestuur soos bedoel in Deel II van die Sesde Bylae by die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wees.

**Enkele Plaaslike Administrasie vir Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein**

**16.** (1) 'n Enkele Plaaslike Administrasie word hierby vir die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein ingestel.

(2) 'n Permanente organisatoriese struktuur vir die Enkele Administrasie moet deur die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein so spoedig moontlik na die effektiewe datum saamgestel word.

**Stadsklerk**

**17.** (1) Die Stadsklerk van die ontbinde Stadsraad van Randfontein word by die toepassing van hierdie Proklamasie, behoudens die bepalings van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet No. 115 van 1984), en die Wet op die Beroep van Stadsklerke, 1988 (Wet No. 75 van 1988), geag die Stadsklerk van die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein te wees, soos bedoel in artikel 62 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

(2) Die Stadsklerk oefen by die toepassing van hierdie Proklamasie al die funksies, bevoegdhede en pligte uit wat aan 'n Stadsklerk kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, of enige ander wet, of besluit van die plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2.

**Werknemers en beamptes van Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein**

**18.** (1) Nadat 'n permanente organisatoriese struktuur soos in artikel 16 (2) bedoel saamgestel is, moet alle werknemers en beamptes in diens van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld na die Enkele Plaaslike Administrasie in artikel 16 (1) bedoel, oorgeplaas word ooreenkomstig die bepalings van artikel 10 (3) (f) (i) en (j) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

(2) Until the employees and officers contemplated in subsection (1) have been transferred to the Single Local Administration, the employees and officers concerned shall, for the purposes of this Proclamation, be deemed to be in the service of the Transitional Local Council of Randfontein.

**Effective date**

19. This Proclamation shall come into operation on **21 October 1994.**

**ANNEXURE A**

**Nominated persons of the Transitional Local Council of Randfontein referred to in section 5 (3):**

STATUTORY COMPONENT

Mr K. Botha.
Mr F. J. du Plooy.
Cllr Ms H. M. du Toit.
Mr J. J. Esterhuizen.
Ald. R. J. A. Harris.
Ms V. Horak.
Mr D. Kock.
Cllr P. F. J. le Grange.
Mr B. Padayachey.
Mr C. Pienaar.
Ms A. Ratcliffe.
Ald A. Rossouw.
Mr C. van der Merwe.
Mr C. J. vön Ronge.
Mr J. Khoza.
Mr B. Mataboge.
Mr D. Shela.

NON-STATUTORY COMPONENT

Mr T. Seshoka.
Mr A. Grootboom.
Mr T. van Dyk.
Mr K. Mampondo.
Mr E. Khumalo.
Mr N. Kgatlhanye.
Mr T. Phake.
Mr O. Oliphant.
Mr F. Matshikiza.
Mr D. Marks.
Ms J. Motiane.
Ms E. Mathebula.
Mr R. Botha.
Ms D. Seopasengwe.
Mr W. Leeuw.
Rev. S. Jjaoane.
Mr Z. Mhlongo.

(2) Totdat die werknemers en beamptes in subartikel (1) bedoel na die Enkele Plaaslike Administrasie oorgeplaas is, word die betrokke werknemers en beamptes vir doeleindes van hierdie Proklamasie geag in diens van die Enkele Plaaslike Administrasie van die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein te wees.

**Effektiewe datum**

19. Hierdie Proklamasie tree in werking op **21 Oktober 1994.**

**AANHANGSEL A**

**Genomineerde persone van die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein vermeld in artikel 5 (3):**

STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. K. Botha.
Mnr. F. J. du Plooy.
Rdl. me. H. M. du Toit.
Mnr. J. J. Esterhuizen.
Rh. R. J. A. Harris.
Me. V. Horak.
Mnr. D. Kock.
Rdl. P. F. J. le Grange.
Mnr. B. Padayachey.
Mnr. C. Pienaar.
Me. A. Ratcliffe.
Rh. A. Rossouw.
Mnr. C. van der Merwe.
Mnr. C. J. vön Ronge.
Mnr. J. Khoza.
Mnr. B. Mataboge.
Mnr. D. Shela.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. T. Seshoka.
Mnr. A. Grootboom.
Mnr. T. van Dyk.
Mnr. K. Mampondo.
Mnr. E. Khumalo.
Mnr. N. Kgatlhanye.
Mnr. T. Phake.
Mnr. O. Oliphant.
Mnr. F. Matshikiza.
Mnr. D. Marks.
Me. J. Motiane.
Me. E. Mathebula.
Mnr. R. Botha.
Me. D. Seopasengwe.
Mnr. W. Leeuw.
Ds. S. Jjaoane.
Mnr. Z. Mhlongo.

## ANNEXURE B

**Additional candidates of the Transitional Local Council of Randfontein referred to in section 5 (4):**

STATUTORY COMPONENT

Mr H. Snyders.
Mr L. Manzi.
Cllr D. Kleinsmith.
Mr M. F. van Zyl.
Mr S. Butler.
Ms L. Hunt.
Mr A. Stander.
Ms E. Heuer.
Mr A. Scott.
Mr P. Lottering.
Cllr J. A. Scheepers.
Mr S. Kock.
Mr J. Skenjane.
Cllr S. J. H. van Zijl.
Cllr C. C. Rossouw.

NON-STATUTORY COMPONENT

Mr G. Rooskrantz.
Mr A. Adams.
Mr R. Mboniswa.
Mr J. Lesole.
Mr J. Sambo.
Mr P. Kgabele.

## AANHANGSEL B

**Addisionele kandidate van die Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein vermeld in artikel 5 (4):**

STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. H. Snyders.
Mnr. L. Manzi.
Rl. D. Kleinsmith.
Mnr. M. F. van Zyl.
Mnr. S. Butler.
Me. L. Hunt.
Mnr. A. Stander.
Me. E. Heuer.
Mnr. A. Scott.
Mnr. P. Lottering.
Rl. J. A. Scheepers.
Mnr. S. Kock.
Mnr. J. Skenjane.
Rl. S. J. H. van Zijl.
Rl. C. C. Rossouw.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. G. Rooskrantz.
Mnr. A. Adams.
Mnr. R. Mboniswa.
Mnr. J. Lesole.
Mnr. J. Sambo.
Mnr. P. Kgabele.

## CONTENTS


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATION** | | |
| 20 | Local Government Transition Act (209/1993): Transitional Local Council of Randfontein: Enactments | 1 | 5044 |


## INHOUD


| *No.* | | *Bladsy No.* | *Koerant No.* |
|---|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE** | | |
| 20 | Oorgangswet op Plaaslike Regering (209/1993): Plaaslike Oorgangsraad van Randfontein: Maatreëls | 1 | 5044 |


Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Transvaal Provincial Administration, Pretoria
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria